Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

26 Januarie 2022
Nuusbrief No 3

Liewe Ouers,
Dit is so lekker om te sien hoe die kinders by die dag al hoe gemakliker skool toe kom, en ten volle deelneem aan die dagprogram. Baie dankie aan elke Mamma wat ons Mamma-aand bygewoon het. Dit was voorwaar lekker om elkeen beter te leer ken, en lekker saam te kuier.

Nuwe Ouerkomitee:

- Baie dankie aan elkeen wat haarself bereidwillig verklaar het om op ons Ouerkomitee van 2022 te dien.
- Die Ouerkomitee bestaan uit die volgende lede:

Olifantklas:	Sharisé Janse van Rensburg & Cherese Kruger
Kameelperdklas:	Melandi Marais
Hasieklas:	Charlene van Rooyen
Eendjieklas:	Liani Luyt
Lammetjieklas:	Stephanie Stander
Kalfieklas:	Doretha de Klerk

- Ons sien uit na 'n opwindende jaar saam met u.

D6 Connect betalings: Skoolgelde, funksies, ens.:

- Ons wil u aanmoedig om die **d6 Connect App** af te laai.
- Dit gaan u betalings soveel makliker maak vir skoolgeld, funksies, besoeke en uitstappies van u kind. U kind se besoeke en uitstapies word op die d6 gelaai en u kan dit gerieflikheidshalwe deur d6 betaal.
- Neem asseblief 10 minute en laai u kind op die d6.
- U gaan in elkgeval die d6 benodig wanneer u kind in die Laerskool is, u kan dit netsowel nou reeds aktiveer.

Mighty Minds Instappie Gr 00: Donderdag 3 Februarie 2022: Projekkode: P728

- Al die **Gr 00'e (Olifante en Kameelperde)** ontvang op 3 Februarie 'n opvoedkundige besoek van Mighty Minds: "Grond is lewe".
- Vul asseblief die toestemmingsbriefie in en stuur terug skool toe tesame met die **R50 betalingsbewys.**
- Trek asseblief 3 Februarie Parkieland-hempies aan, alle Olifante en Kameelperde.

Enter Active Instappie Gr 000: Donderdag 10 Februarie 2022: Projekkode: P728

- Op 10 Februarie besoek Enter Active ons skool se Gr 000-groep.
  Dit is in die vorm van 'n poppekas en die tema is "Ek is lief vir almal".

- Vul asseblief die toestemmingsbriefie in en stuur terug skool toe tesame met die **R50 betalingsbewys.**
- Trek asseblief 10 Februarie Parkieland-hempies aan, alle Hasies en Eendjies.

Gesuiwerde water: Projekkode: P723

- Parkieland voorsien gesuiwerde water van Oasis aan ons kleuters in al ons klasse.
- Ons vra 'n minimale en **eenmalige bydrae van R130** per kleuter om dit moontlik te maak vir die hele jaar se gesuiwerde water.
- Betaling moet asseblief per EFT gedoen word in die skool se rekening met die volgende verwysing:
  FAMILIEKODE + P723
  E-pos bewys van betaling na karen.bothma@menlolaer.co.za

Pretloop: Donderdag 24 Februarie 2022 om 17:45: Projekkode vir inbetalings: P729:

- Ons gee weer vir u die belangrikste inligting deur.
- U kan kos direk by die Snoepie bestel vir die aand van die Pretloop. Ons stuur 'n bestellys uit sodat u kan sien wat beskikbaar is, en u u bestelling kan plaas tesame met u betaling, indien u nie u eie kos van die huis af wil saambring nie, is hierdie 'n gemaklike opsie.
- **U het verlede week u kleuter se borgvorm ontvang.** Dit moet asseblief weer op **Maandag 21 Februarie 2022 terug wees by die klasonderwyseres.**
- Peuters wat nie in Parkieland is nie, asook Laerskoolkinders is welkom om ook deel te neem. Daar gaan vir hierdie deelnemers ook medaljes wees. Die koste per peuter/laerskoolkind is **R50**. **Daar was verlede week 'n inskrywingsvormpie voorin u kind se tas. Handig dit saam met die betaling Woensdag 2 Februarie 2022 by die klasonderwyseres in,** sodat die medaljes bestel kan word.
- U kan in gedagte hou dat 'n Gr 00-kleuter soms tot 20 rondtes 'n uur kan stap. (Die baan is 200m lank.)
- U borg u kleuter 'n minimum van **R5 per rondte of gee 'n donasie.** Ons mikpunt is om 'n minimum van R250 per kind in te samel.
- Die borggeld en donasiegeld word eers na afloop van die Pretloop inbetaal – ons tel eers die rondtes en stuur dan die borgvorm aan u terug.
- **Parkielandkleuters en -peuters stap gratis** en ontvang waterysies, 'n medalje en later ook 'n sertifikaat.
- Laerskoolkinders en peuters betaal 'n **R50** inskrywingsfooi en ontvang ook ysies en 'n medalje.
- Die Vrydag na afloop van die Pretloop stuur ons die sertifikate en die borgvorm met die bedrag betaalbaar huis toe.
- **Woeker asseblief met u kleuter se borgvorm, dit is ons skool se grootste fondsinsameling vir die jaar.**
- Ons sal nader aan die datum die program en meer besonderhede aan u deurgee.

Mooi week vir almal!

Vriendelike Parkielandgroete.

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

26 Januarie 2022

OLIFANTE EN KAMEELPERDE:

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____

in die _____klas toestemming dat hy/sy aan die **Mighty Minds Instappie** op

Donderdag 3 Februarie 2022 mag deelneem.

Ek heg die R50 bewys van betaling hierby aan.

_____
Handtekening van ouer

Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

26 Januarie 2022

HASIES EN EENDJIES:

Hiermee gee ek, _____ ouer/voog van _____

in die _____klas toestemming dat hy/sy aan die **Enter Active Instappie**

(Poppekas) op Donderdag 10 Februarie 2022 mag deelneem.

Ek heg die R50 bewys van betaling hierby aan.

_____
Handtekening van ouer

PARKIELAND PRETSTAP
BESTELVORM

Liewe Parkieland Ouers,

Melk en Heuning snoepie is opgewonde om weer die spesiale Pretstap geleentheid met ons Parkieland gemeenskap te deel. Vir U gerief, kan U ligte etes vooraf bestel wat by die kombuisvenster afgehaal kan word.

LW: Die snoepie sal wel oop wees vir snoeperye. As u nie reeds die skool se elektroniese betaal opsie (D6 CONNECT) gebruik nie sal kontant ook aanvaar word. Daar sal nie 'n kaart fasiliteit beskikbaar wees nie.

Besonderhede:

Vul asb. die onderstaande in en besorg die vorm vergesel deur 'n bewys van betaling (*voor of op 21/02/22*) per epos aan benitasteyn8@gmail.com

Ouer se naam en van: _____

Kontak nommer: _____

Kind se naam en van: _____

Klas naam: _____

Spyskaart:

	Hoeveelheid	x	Koste	=	Subtotaal
Toasted Cheese		x	R 15	=	R
Toasted Ham & Cheese		x	R 20	=	R
Toasted Chicken Mayo		x	R 20	=	R
Vetkoek en Maalvleis		x	R 30	=	R
Romans Pizza Pie (ham en kaas vulsel)		x	R 30	=	R
Gesondheidsbroodjie (Pastrami, carmelised onion, cream cheese)		x	R 35	=	R
Couscous Slaai (morokaanse hoender fillet en geroosterde groente)		x	R 35	=	R
Griekse Groenslaai (met olywe, uie, tamatie, feta en komkommer)		x	R 35	=	R
			Totaal		R

EFT Besonderhede:

B Steyn
Capitec
Rek no: 1490824446
Tak kode: 470010
Gebruik u naam en van as verwysing

Belangrik:

Stuur asb. die ***bestelvorm en bewys van betaling voor of op Maandag 21 Februarie*** per epos aan benitasteyn8@gmail.com

Van Parkieland na die Laerskool

PARKIELAND

PARKIELAND IS PRET

WEES FIER

LAERSKOOL MENLOPARK

Cara ♥

Parkieland wens al ons nuwe Gr.1 maats baie geluk... Hou Parkieland se naam hoog, oud-Parkies!

Elmaye ♥

Annamé ♥

Kyla ♥

Emma & Karli ♥

Imche ♥

Hier is 'n paar van ons oud-Parkies wat Gr.1 met 'n glimlag aandurf.

Riley ♥



Axon ♥

Josua ♥

Reik na die sterre!

Vlieg hoog, klein dromertjies!